

# KOERSVAS

Jaargang 7      Uitgawe 167   16 Augustus 2019



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Is Christelike integriteit gekaap?

Die vlak van algemene wetteloosheid in die land is kommerwekkend. Die media wemel van stories oor politici uitgevang met diefstal, leuens en bedrog, wat hulle gedrag probeer afmaak as onbenullig en verskonings maak: "...julle pik op my ... ek kan nie onthou nie ... ek was nie daar nie ... vra hóm; hy was ook nie daar nie ...". Ons hoor van al meer oproepe dat die Openbare Beskermer uit haar amp verwyder moet word, omdat haar integriteit ernstig bevraagteken word na aanleiding van verdoemende hofbevindinge. Eerlikheid is lankal nie meer 'n algemene karaktereienskap in ons land nie.

Een van die besware in die Staat van Belydenis was juis die leuen waarteen ons moes opstaan. Met beskrywingspunt 54 van die 69ste AKV het sommige dosente dit as geregverdig beskou om ter wille van 'n "goeie" saak (volgens hulle!) notules "kreatief te interpreteer". 'n Land en volk (en kerk) se geskiedenis word herskryf deur die oorwinnaar – die waarheid is van minder belang – alles ter wille van "versoening".

Het ons nog waarlik Christelike integriteit, of het integriteit onderhandelbaar geword? Wat is die sleuteleienskappe of karaktertrekke wat by 'n persoon met integriteit aangetref word? Die eerste karaktertrek sal sekerlik eerlikheid wees. 'n Ononderhandelbare begrip van reg en verkeerd met geen grys areas nie. Voeg dan daarby die bereidheid om op te staan vir dit wat reg en waar is en 'n betroubaarheid om getrou daaraan te wees – nie voor mense nie, maar voor God.

Dit het 'n algemene verskynsel geword om van diefstal en leuens te hoor in die nuus, maar óns het immers integriteit en maak onself darem nie daaraan skuldig nie - of doen ons? Het ons nie dalk so beïnvloed geraak deur die standarde van die samelewing dat ons soms nie eers raaksien dat ons gereeld maar net so maak nie? Dit vat tyd en moeite om 'n reputasie van integriteit op te bou, maar dit is baie maklik om so 'n reputasie in 'n oogwink te vernietig.... Is dit dan so verkeerd om net 'n pen of potlood by die werk te neem - daar is mos baie en niemand sal eers weet nie. Sagteware, musiek en films word goedsmoeds van die Internet afgesteel; as ons dit gratis in die hande kan kry, hoef ons dit mos nie te koop nie. Mense beskou dit

nie meer as verkeerd om van roof-sagteware gebruik te maak nie – dit is dan net 'n elektroniese kopie – niemand ly tog skade nie. Dit is darem nie óns wat oorspronklik die sagteware gekraak het of die musiek opgelaai het vir verspreiding nie! Die feit dat sulke gedrag diefstal is, word gerieflikheidshalwe vergeet... Die Tien Gebooie word selektief geherinterpreteer dat dit nie op my van toepassing is nie! Steel jy ook van jou werk met die neem van lang etenstye of af-middae? Siekverlof is darem ook handig, al is ek nie regtig siek nie... Steel jy ook soms jou kollega se idees of neem jy krediet vir werk wat iemand anders gedoen het? Is jy eerlik in jou besigheid, of speel jy volgens die wêreld se reëls?

Met die koms van die Internet en sosiale media het die leuen en diefstal al hoe makliker geraak. Diefstal deur kopieregskendings en plagiaat het maklik geword. Plagiaat (om ander se woorde en idees as jou eie voor te hou) is beide 'n leuen sowel as intellektuele diefstal. Dit is nie net 'n onwaarheid wat jy voorhou om ander te mislei oor die oorsprong van intellektuele eiendom nie, jy pleeg ook bedrog. Ander se werk word tot voordeel van jouself of 'n saak gebruik. Selfs vele predikante beskou dit as geregverdig om geestelike materiaal soos oordenkings en selfs preke te steel en as hulle eie toe te dig. Die vraag kan tereg gevra word of outentieke prediking bloot die herhaling van 'n ANDER persoon se belewenis van God se Woord kan wees. Elke predikant preek immers vir sy eie kudde en is getrou aan die betekenis van die teks vir die saak van God se gemeente wat hy moet lei. Verskonings wat gebruik word wanneer

geestelike stof gesteel en as eie toegeëien word, is in die lyn van “ons gebruik almal idees van iemand anders” of “die Evangelie word ten minste daardeur verkondig”. Daar word dus gestel dat die doel die middele heilig. In Filippense 4 (v. 8-9) lees ons waarna ons in die Christelike lewe moet streef - *“alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig”*. In teenstelling hiermee is die pleeg van plagiaat nie net 'n eties-gebreklike gewoonte nie, daar is ook geen geestelike voordeel vir jou as jy plagiaat pleeg nie. Inteendeel, jy is besig met blatante sonde.

Daar is geen kopiereg op die waarheid self nie. Daar is egter wel kopiereg-beskerming op die wyse waarop die waarheid aangebied word! Hierdie aanbieding (bv. 'n preek) verg dikwels harde werk; dit behels tyd en moeite. Dit is net eties en geregverdig om erkenning aan 'n oorspronklike bron te gee. Plagiaat is lankal 'n euwel by menige gebruikers van sosiale media. Veral “Facebook”-gebruikers is geneig om eerder te “sny (kopieer) en plak” as om 'n plasing te deel - daar word selde erkenning gegee en die oorsprong van plasinge gaan in die niet verlore. 'n Onlangse voorbeeld hiervan is 'n denominasie in die Kaap wat plasinge en selfs dagstukkies van die GHG na hulle blad gekopieer het en die skrywer (predikant se naam) en enige verwysing na die GHG verwyder het. Selfs die datum is aangepas om verder voor te gee dat die plasing deur hulle gegenereer is. Toe hulle daarvoor aangepreek is en op oneerlikheid

en plagiaat gewys is, het hulle die raskaart vinnig uitgehaal en is ons daarvan beskuldig dat ons die Woord van God “eksklusief” probeer hou. Hoekom het die leuen en diefstal deur plagiaat so ’n algemene gewoonte geword? Is dit dalk ’n gebrek aan vaardigheid of die moeite daaraan verbonde om self iets oorspronklik te probeer skep? Is hoogmoed, selfsug en narsisme die oorsaak, of is dit net uit blote luiheid en met die arrogante houding dat “ons tog nie uitgevang sal word nie”?

Ons waarsku (met reg) teen die saligheidsgevaar van iets soos ’n gay leefstyl as volhardende sonde, maar moet net so besorg wees oor ALLE volhardende sonde. Ons lees in 1 Kor. 6:9-10: *“Of weet julle nie dat mense wat **onreg** doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of **diewe** of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of **bedrieërs** sal deel kry aan die koninkryk van God nie”*. So ook Op. 21:8 *“Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, **bedrieërs** en afgodsdienaars en al die **leuenaars**, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood.”* (Skrywer se beklemtoning.)

Christene behoort ’n outomatiese en inherente afkeer aan enige vorm van oneerlikheid of diefstal te hê, omdat ons nie misdadigers mag of wil wees nie. Hierdie beginsels is ook van toepassing op intellektuele eiendom. God se koninkryk kan en mag nie op oneerlikheid gebou word nie. God mag nie so aanbid word nie

en God word beslis nie so verheerlik nie. ’n Kind van God tref nie kompromieë rakende etiese beginsels nie. ’n Kind van God streef na integriteit.

- JdR (jaco@geloofsbond.org.za)

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BEROEP AANGENEEM

Ds. Louis Alberts van Hervormde Gemeente Koster het die beroep na Hervormde Gemeente Pietersburg aangeneem. Hy word DV op 18 Augustus in Pietersburg bevestig.

### EMERITAAT

Ds. Lewis Strauss aanvaar DV 31 Augustus emeritaat. Ds. Strauss het sy afskeidspraak op Sondag 11 Augustus gelewer waarna die gemeente ’n geselligheid aangebied het. Verskillende groeteboodskappe is oorgedra.

Teksvers van afskeidspraak: Job 28 vers 28

*“En Hy het vir die mens gesê: Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig.”*



Oudl. Jozef van Biljon oorhandig die akte van emeritaat aan ds. Strauss

## VYF-EN-TWINTIGJARIGE AMPSJUBILEUM

Die kerkraad van die Hervormde Gemeente Vrede wil u graag in kennis stel dat ds. A van Zyl hierdie jaar 25 jaar in bediening is, asook in hierdie gemeente. Die gemeente wil graag op 13 Oktober 2019 die geleentheid herdenk. Alle verdere reëlins sal later deurgegee word.

## BONDSVERGADERING EN BONSDAMESBYEENKOMS 2019

DATUM: 8 tot 10 September 2019.  
(Dames: 8-9 September)

Die Bestuurskomitee het op 12 Julie 2019 vergader om die agenda vir die Bondsvergadering vas te stel. Die agenda sal betyds aan alle gemeentes gestuur word. U word daaraan herinner dat die agenda elektronies beskikbaar gestel word en dat gemeentes self harde kopieë moet produseer indien hulle dit verkies. Die lys van plaaslike akkommodasie is reeds aan gemeentes gestuur.

## NUUS UIT BLOEMFONTEIN Troue en doop uit een familie

Op Sondag 23 Junie, so reg in die Vrystaatse winter, is die eerste baba in die gemeente gedoop. Haar naam is Ané Knoesen en haar ouers Danie en Nadine Knoesen wat op Zastron woon.

Teksvers van doop: Handeling 9 vers 18  
"Onmiddellik het daar iets soos skille van Saulus se oë afgeval en kon hy weer sien. Toe het hy opgestaan en hy is gedoop"


Oupa en ouma Dawie en Janette Erasmus woon hier in die stad. Hulle het 'n dubbele opgewondenheid beleef want op 4 Mei

2019 is hulle ander dogter, Lilene getroud met Jonathan-Lee Gordon.

Teksvers vir troue: Prediker 4 verse 9a en 12b  
"Twee vaar beter as een....'n Driedubbele tou breek nie maklik nie."



Doop word bedien aan Ané Knoesen



Die bruidspaar Gordon

Ané het haar tannie se troue nog binne haar ma meegemaak en is toe gebore op Vrydag 10 Mei.

Albei geleenthede was vir die gemeente baie belangrik, al was dit net om te sê ons is nie heeltemal 'n ouetehuis nie!

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <https://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.



**VLEISRAS  
LANDRAS**

## ½ OF HEEL VARK TE KOOP

### PRYS: R40 p/kg

**DATUM VAN AFLEWERING:** Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is  
**AFLEWERINGSPUNT:** Pretoria soos ooreengekom  
**BETALING:** EFT

**BEPERKTE VOORRAAD**

9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe  
tussen 25- en 35kg

7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg



**ONDERSTEUN JOU  
SAK EN DIE BOER  
&  
BESTEL DIREK VAN  
DIE BOER**



Hartswi  
Boerdery

Varke word opgesaag  
soos versoek!

**PLAAS BESTELLING BY  
RONÉL SELNO. 0827873680**



**OORNAG FASILITEITE****Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
 Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek  
 - naby hospitaal en besighede -  
 Langtermyn akkommodasie ook  
 beskikbaar in gemeubileerde kamers  
 Etes en wasgoed op afspraak  
 Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
 Naby genoeg aan Cullinan.  
 Bespreek betyds vir die 2019  
 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp  
 vir navrae en besprekings 0829082831 of  
[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)



**Geloofsbond van  
Hervormde Gemeentes**

**Webtuiste:**

<https://www.geloofsbond.org.za>

**Sosiale media:**

<https://www.facebook.com/geloofsbond>